Verwysing: 20210517-3062
Lêerno.: 12/2/10/3
Navrae: M Wiese

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0007/2021

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Leerderondersteuning, Provinsiale Programbestuurders, Inrigtingsbestuur, Beheer en beplanningsamptenare en Prinsipale van openbare en onafhanklike spesiale skole

Onderwerp: Jaarlikse Opname by openbare en onafhanklike spesiale skole vir 2021

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se Jaarlikse Opname vir 2021 by openbare skole en onafhanklike spesiale skole sal op **02 September 2021** afgeneem word. Prinsipale moet die akkuraatheid van leerder- en opvoederdata op SOBIS afteken. Provinsiale programbestuurders en Inrigtingsbestuur- en Beheer en beplanningsamptenare moet die Jaarlikse Opname se data teen die sperdatum op **08 September 2021** afteken.

2. Voor die prinsipaal of hul gedelegeerde op SOBIS afteken, moet hulle seker maak dat die volgende korrek op SOBIS bygewerk is:

2.1 Alle leerders wat geregistreer is en in 2021 skool bywoon, is in die regte grade, klasse en taal-van-onderrig-en-leer (TOL)-kategorie.
2.2 Leerderoorplasings (in en uit) is voltooi.
2.3 Graadveranderinge is afgehandel.
2.4 Inligting oor leerdergestremdhede is korrek.
2.5 Leerders wat oorlede is, is gederegistreer en die "date deceased" is aangebring, soos dit op die doodsertifikaat verskyn.

3. Die prinsipaal moet ook seker maak dat die lys met opvoeders op SOBIS bygewerk en geverifieer is. Dit sluit die werkservaring, grade en vakke wat gedurende 2021 onderrig word in (grade en vakke wat voorheen aangebied is en nie meer in 2021 op die opvoeder se werkslading van toepassing is nie, moet verwyder word).

4. Verskeie foutverslae is op SOBIS beskikbaar gestel om met die verifikasie van leerder- en opvoederdata te help en die korrektheid van die bestaande data te bepaal. Maak seker dat al die foute wat in hierdie verslae aangetoon word, opgelos is voordat u afteken.

5. Die afmeldingsafdeling van die opname moet volledig voltooi word om te bevestig dat die data geverifieer en 'n korrekte interpretasie van die leerderinskrywings en getal personeel soos op **02 September 2021** is.

6. Daar word van hospitaalskole verwag om 'n drukstuk van die opname te voltooi en by mnr. Chasfred Ahrends op die 6de Vloer, Wharfplein-noord 1, Laer Loopstraat 2, Strandgebied, Kaapstad 8001, in te dien. Die opname sal direk aan skole ge-e-pos word.

7. As die institusionele OBIS-beampte, moet die prinsipaal die data-prosesse bestuur om te verseker dat bewys van verifikasie en die handtekeninge van die persone wat gedelegeer is om die data te kontroleer, op versoek van ouditeurs getoon kan word. Aangesien die inligting ouditeerbaar is, moet die skool se sakeproses ten opsigte van die OBIS-data aangeteken word om aanspreeklikheid vir die akkuraatheid van data te verseker.

8. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit is van identiteitsnommers nie, en om die vaslegging van ontbrekende identiteitsnommers te fasiliteer. Indien 'n leerder nie in besit is van 'n geldige identiteitsnommer nie, moet die ouers in kennis gestel word van die proses om by die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen vir 'n identiteitsdokument. Waar moontlik, moet prinsipale die ouers bystaan om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te vergemaklik.

9. Die WKOD sal die nakoming en data-kwaliteit van alle Jaarlikse Opname-voorleggings monitor en alle gevalle van nienakoming, ongerymdhede en data-tekortkominge by die Hoof van Onderwys aanmeld.

10. Onafhanklike skole moet hulself weer vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel vorm van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot deregistrasie lei.

11. Indien u enige probleme ondervind met die voltooiing van die opname, kontak asseblief die betrokke distrik se leerderondersteuningshoof of inligtingsbeampte wat vervolgens gelys word:

Provinsiale Programbestuurders: Openbare Spesiale Skole

SKOOL-SENTRUMS	PROGRAM-BESTUURDER	TELEFOON-NOMMER	E-POS
Jeugsorgsentrum, Gesiggestremd (Blind), Hospitaalskole	Chasfred Ahrends	021 467 2426	Chasfred.Ahrends@westerncape.gov.za
Ernstige intellektuele gestremdheid	Dheena Achary	021 467 2122	Dheena.Achary@westerncape.gov.za
Spesifieke leergestremdheid, Liggaamlike gestremdheid, serebrale verlamming	Michael Heine	021 467 9288	Michael.Heine@westerncape.gov.za
Outisme/Gehoor-gestremdheid (Doof)	Minna Steyn	021 467 2223	Minna.Steyn@westerncape.gov.za
Vaardigheidskole	Rhoda Manuel	021 467 2227	Rhoda.Manuel@westerncape.gov.za

Inrigtingsbestuur en Beheer & Beplanningsamptenare: Onafhanklike Spesiale Skole

KONTAKPERSOON	TELEFOONNOMMER	E-POS
Nazli Domingo-Salie	021 467 2235	Nazli.Domingo-Salie@westerncape.gov.za
Jerry Mofoka	021 467 2050	Jerry.Mofoka@westerncape.gov.za
Wayne Blauw	021 467 2557	Wayne.Blauw@westerncape.gov.za

Inligtingsstelselsbeamptes

DISTRIK	SOBIS-DISTRIKSADMINISTRATEUR	TELEFOON-NOMMER	E-POS
Metro-Noord	Masixole Stofile Bhekumusa Nombela	021 938 3052 021 938 3101	masixole.stofile@westerncape.gov.za bhekumusa.nombela@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Anita McGrath Tercia Southgate	021 514 6751 021 514 6737	anita.mcgrath@westerncape.gov.za tercia.southgate@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Anastasia Kinnear	021 370 2120	anastasia.rose@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7053 021 900 7011	buseka.ndinisa@westerncape.gov.za thembeka.dlamini@westerncape.gov.za
Weskus	Mervan Davids	021 860 1596	mervan.davids@westerncape.gov.za

Kaapse Wynland	Kevin van Eeden Shamiel van Eeden	023 348 0635 023 348 0655	kevin.vaneeden@westerncape.gov.za shamiel.abrahams@westerncape.gov.za
Overberg	Suzanne Braaf	028 214 7411	suzanne.braaf@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Romelda Booysen Keith Zibi	044 803 8367 044 803 8346	romelda.booysen@westerncape.gov.za keith.zibi@westerncape.gov.za

12. Die WKOD waardeer die bydra en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voortgesette samewerking in 2021.

GETEKEN: L Mc Glen
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2021-06-15